


**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V1

## NOVEMBER 2013

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## INSTRUKSIES EN INLIGTING

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede toon:

- Die gebruik van korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en implementering van visuele analise en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Die plasing van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, politieke en historiese konteks
- 'n Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TIEN vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die afgebeelde visuele bronne in kleur verwys waar dit vereis word.

6. Geen punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word nie. Kruisverwysing na kunswerke is toelaatbaar.

7. Noem die kunstenaar en titel van elke kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou.

8. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE.

9. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Kyk na die puntetoekenning:

   6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy
   10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e)

10. Kolpunte dien gewoonlik as riglyne in jou opstel om jou te help om jou antwoord te struktureer.

11. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**WOORDELYS**

**Gebruik die volgende woordelys om seker te maak dat jy verstaan hoe om 'n spesifieke vraag te benader.**

| | |
|---|---|
| Analiseer: | 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele kunselemente soos lyn, vorm, fatsoen, kleur, toonwaarde, formaat en komposisie van 'n kunswerk. |
| Bespreek: | Stel jou standpunt en gee redes vir jou stellings. |
| Formele kunselemente: | Die basiese elemente wat gebruik word om 'n kunswerk te skep, soos lyn, vorm, toonwaarde, tekstuur, kleur, ruimte, komposisie, ensovoorts. |
| Interpreteer: | Analiseer en evalueer (gee 'n ingeligte mening oor) 'n kunswerk. Kontekstualiseer dit histories, kultureel, sosiaal, polities, ensovoorts en motiveer jou bevindinge deur na soortgelyke spesifieke voorbeelde te verwys. |
| Kontekstualiseer: | Met betrekking tot, of afhangend van, die raamwerk van inligting; met betrekking tot die situasie, tyd/era en plek waarna die inligting verwys. |
| Motiveer: | Om met bewyse of getuienis te ondersteun. |
| Noem: | Gee presiese feite en sê direk wat jy dink – gee jou mening, asook 'n verduideliking. |
| Verduidelik: | Maak duidelik en gee redes vir jou stelling. |
| Vergelyk: | Toon die verskille en ooreenkomste op 'n geordende wyse binne dieselfde argument aan. |
| Visuele bronne: | Die visuele afbeeldings wat in hierdie vraestel gegee word of waarna in ander bronne verwys word. |

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**BEANTWOORD ENIGE VYF VRAE.**

**VRAAG 1: DIE OPKOMENDE STEM VAN SWART KUNS**

| |
|---|
| Die visuele bronne in FIGUUR 1a, 1b en 1c beeld almal figure in 'n landskap uit. Daar is egter stilistiese verskille tussen die werk van Erich Heckel (FIGUUR 1a), 'n Duitse Ekspressionis, en die werke van die Suid-Afrikaanse kunstenaars, Peter Clarke (FIGUUR 1b) en Gladys Mgudlandlu (FIGUUR 1c). |

1.1 Kies enige TWEE visuele beelde uit FIGUUR 1a, 1b en 1c en skryf 'n opstel waarin jy die ooreenkomste en verskille tussen hierdie twee skilderye bespreek.

Maak so veel waarnemings as wat jy kan oor die volgende:

- Styl en tegniek
- Gebruik van kleur
- Gebruik van vorm
- Komposisie
- Die gevoel en atmosfeer wat hierdie werke oordra (10)

1.2 Bespreek die kunswerke van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het, wie se werk ons van hul persoonlike waarnemings vertel.


Jou opstel moet die volgende insluit:

- Name van kunstenaars
- Titels van kunswerke
- Inspirasies en invloede op hierdie kunstenaars se werk
- Formele kunselemente wat in die kunswerke gebruik is
- Temas en betekenis (10)

**[20]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



FIGUUR 1a: Erich Heckel, ***Glassy Day (Glaserige Dag)***, olieverf op doek, 1913.



FIGUUR 1b: Peter Clarke, ***Flute Music (Fluitmusiek)***, olieverf op doek, 1960.



FIGUUR 1c: Gladys Mgudlandlu, ***Three Men in Blue (Drie Mans in Blou)***, olieverf op doek, 1970.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 2: SOEKE NA 'N AFRIKA-IDENTITEIT IN SUID-AFRIKAANSE KUNS

Tradisionele Afrikakuns het 'n diepgaande invloed op Suid-Afrikaanse kunstenaars gehad.

2.1 Die Dogon-artefakte in FIGUUR 2a en 2c is as bron van inspirasie deur Alexis Preller en Deborah Bell gebruik.

Skryf 'n paragraaf oor hierdie TWEE werke (FIGUUR 2b en 2d), waarin jy die volgende oorweeg:

- Invloede op en gebruik van Dogon-beeldgebruik
- Komposisie
- Styl
- Interpretasie of boodskap
- Hoe die gebruik van Dogon visuele beelde gehelp het om 'n Afrika-identiteit in die werke van Preller en Bell te skep (8)

2.2 Skryf 'n opstel oor enige TWEE kunswerke wat jy bestudeer het wat sterk invloede van Afrika- en/of internasionale kuns toon.

Oorweeg die volgende in jou opstel:

- Naam (Name) van kunstenaar(s) en titel(s) van werk(e)
- Afrika-/Internasionale invloede
- Formele kunselemente
- Komposisie, styl en tegniek
- Onderwerp en boodskap oorgedra (12)

**[20]**

| | |
|---|---|
| **Dogon:** | 'n Etniese groep van Mali |
| **Artefak:** | 'n Voorwerp wat handvervaardig is en wat van historiese of kulturele belang is |

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com




FIGUUR 2a: Dogon, Mali. ***Seated Couple (Sittende Paar)***, hout en metaal, 1800–1850.



FIGUUR 2b: Alexis Preller, ***Adam and Eve (Adam en Eva)***, olieverf op doek,1955.



FIGUUR 2c: ***Dogon-deur***, hout, datum onbekend.



FIGUUR 2d: Deborah Bell, ***Greasing Palms – Salutations (Omkopery – Begroeting)***, etswerk, droënaaldets en chine colle, 1997.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

**VRAAG 3: KUNS EN POLITIEK: WEERSTANDS- OF PROTESKUNS**

Eric Ndlovu het oor sy skildery, ***Children Trapped (Kinders Vasgevang)***, opgemerk: 'Dit beeld die emosionele wanorde uit wat geskep word deur die misverstande tussen mense, nasies, lande en kontinente van ons planeet Aarde.'

Ndlovu was 'n skoolseun toe hy Suid-Afrika na die Soweto-opstande van 1976 verlaat het, en hierdie skildery kan na dié opstande en/of die onrus van die 1980's in Suid-Afrika verwys.

Willie Bester is nog 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar wat ook oor die traumatiese uitwerking van politieke onrus kommentaar gelewer het.

3.1 Bespreek hoe hierdie TWEE werke (FIGUUR 3a en 3b) die 'emosionele wanorde' uitbeeld deur na die volgende te verwys:

- Gebruik van spesifieke visuele beelde
- Kleur en tekstuur
- Komposisie en ruimte
- Atmosfeer van elke werk
- Moontlike boodskappe/interpretasies van elke werk (10)

3.2 Bespreek die werk van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het wat besin oor situasies van onrus en spanning.

Jou antwoord moet die volgende insluit:

- Name van die kunstenaars
- Titels van kunswerke
- Kwessies wat in die werk ondersoek word
- Styl van die werk
- Gebruik van formele kunselemente
- Betekenis en interpretasie (10)

**[20]**

Kopiereg voorbehou Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com





FIGUUR 3a: Willie Bester, ***Forced Removal (Gedwonge Verhuising)***, gemengde media, datum onbekend.



FIGUUR 3b: Eric Ndlovu, ***Children Trapped (Kinders Vasgevang)***, olieverf op doek, 1985.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 4: KUNSVLYT ('CRAFT') EN TOEGEPASTE KUNS

| |
|---|
| Tradisionele pottebakkers skep houers vir 'n spesifieke funksie, terwyl kontemporêre keramiekkunstenaars dit in meer esteties bevredigende, dekoratiewe kunswerke verander. |

4.1 Stem jy saam met die stelling hierbo? Deur te verwys na FIGUUR 4a en enige ander pot wat in FIGUUR 4b, 4c en 4d afgebeeld is, skryf 'n paragraaf waarin jy die volgende oorweeg:

- Tradisioneel teenoor kontemporêr
- Vorm
- Versiering
- Of jy hierdie potte as kunswerke beskou. Gee redes vir jou antwoord.
- Die pot waarop jy die positiefste reageer en hoekom (8)

4.2 Bespreek die belangrikheid van die werk van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunsvlytkunstenaars wie se werk jy bestudeer het.

Verwys spesifiek na die volgende in jou bespreking:

- Die name van die kunsvlytkunstenaars
- Die materiale en tegnieke wat gebruik is
- Die versiering en konstruksie wat gebruik is
- Enige ander relevante inligting wat verband hou met elk van die kunstenaars wat bespreek is (12)

**[20]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com




FIGUUR 4a: Nesta Nala, ***Ukhamba***,
klei, 1995.



FIGUUR 4b: Charmaine Haynes,
***Ceramic vessel (Keramiekhouer)***,
ongetiteld, geglasuurde keramiek, 2009.




FIGUUR 4c: Ardmore Ceramic Studio,
***Tribute to Bonnie (Eerbetoon aan Bonnie)***,
geglasuurde keramiek, 2000.



FIGUUR 4d: Grayson Perry, ***Untitled (Ongetiteld)***, geglasuurde keramiek, 2005.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 5: KUNS EN MAG

Op 5 Augustus 2012, 50 jaar nadat Nelson Mandela net buite Howick, KwaZulu-Natal, in hegtenis geneem is, is 'n gedenkterrein wat aan hom opgedra is, deur president Jacob Zuma onthul. In sy openingstoespraak het president Zuma gesê dat die monument vir almal soos 'n heiligdom moet wees en 'n plek wat met die grootste respek behandel moet word.

In die beeldhouwerk wat Nelson Mandela vereer, het die kunstenaar Marco Cianfanelli 50 staalstawe gebruik om Mandela se baie jare agter tralies voor te stel.

Nelson Mandela bly steeds 'n inspirasie vir baie ander kunstenaars in Suid-Afrika en die res van die wêreld.

5.1 Die visuele beelde van Mandela in FIGUUR 5a, 5b, 5c en 5d wek sterk emosies by die kyker op.

Skryf 'n paragraaf waarin jy die volgende bespreek:

- Jou reaksie op die groter as lewensgroot tekening in FIGUUR 5a
- Of die gedenkteken in FIGUUR 5b, 5c en 5d, as 'n 'heiligdom' behandel moet word. Gee redes vir jou antwoord.
- Interessante gebruik en plasing van die staalstawe om die visuele beeld van Mandela se gesig te skep
- Belangrikheid/Betekenis van die terrein
- Wyse waarop die kyker met hierdie beeldhouwerk kan omgaan (10)

5.2 Skryf 'n kort opstel oor EEN gedenkgebou, gedenkteken of -kunswerk wat jy bestudeer het wat jy voel verteenwoordigend is van 'n verdienstelike saak of individu.


Jou opstel moet die volgende insluit:

- Naam van jou voorbeeld, asook dié van die argitek of kunstenaar wat dit ontwerp het
- Aan wie of waaraan hierdie voorbeeld opgedra is
- Tipes materiaal, tegnieke en versierings wat in die ontwerp gebruik is
- Belangrikheid van die ligging van die gebou/struktuur
- Doel/Funksie van hierdie voorbeeld
- Gebruik van enige dekoratiewe kenmerke op hierdie voorbeeld
- Hoe suksesvol hierdie voorbeeld die persoon/gebeurtenis vereer aan wie dit opgedra is
- Jou reaksie op hierdie voorbeeld. Motiveer jou antwoord. (10)


**[20]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



FIGUUR 5a: Paul Emsley, ***Nelson Mandela***, houtskool en conté, 125 x 97 cm, 2010.



FIGUUR 5b: Marco Cianfanelli, vlakby-aansig van ***Nelson Mandela Memorial Site (Nelson Mandela Gedenkterrein)***, Howick, staalstawe, 2012.



FIGUUR 5c: Marco Cianfanelli, ***Nelson Mandela Memorial Site (Nelson Mandela Gedenkterrein) (detail)***, Howick, staalstawe, 2012.



FIGUUR 5d: Marco Cianfanelli, veraf aansig van ***Nelson Mandela Memorial Site (Nelson Mandela Gedenkterrein)***, Howick, staalstawe, 2012.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 6: DIE ROL VAN DIE FORMELE EN INFORMELE KUNSSENTRUMS IN DIE OPLEIDING VAN KUNSTENAARS IN SUID-AFRIKA GEDURENDE APARTHEID/POST-APARTHEID**

'n Groep kulturele werkers wat in 1978 as bannelinge na Botswana gevlug het, het die kulturele organisasie met die naam Medu Art Ensemble gestig. Hierdie lede het 'n reuserol gespeel om gedrukte politieke plakkate tydens die apartheidsjare te skep.

Afdrukmakery het ook die stem van 'n geslag swart kunstenaars by Rorke's Drift Kunssentrum geword.

6.1 Lees die inligting hierbo, bestudeer die visuele bronne (FIGUUR 6a en 6b) en bespreek die volgende:

- Moontlike redes waarom afdrukmakery daardie tyd so gewild geraak het onder swart kunstenaars
- Gebruik van teks in beide werke
- Simbole en onderwerpe
- Styl
- Ruimte en perspektief
- Doelwit/Boodskap (8)

6.2 Bespreek, in opstelvorm, die betekenis van enige volwasse Suid-Afrikaanse kunssentrum wat jy bestudeer het.


Verwys na die volgende riglyne in jou bespreking:

- Befondsing en funksie van die kunssentrum
- Soorte kunswerke wat geskep is
- Die werk van EEN kunstenaar wat by hierdie sentrum gestudeer het
- Onderwerp, media en tegnieke wat die kunstenaar wat jy gekies het, gebruik het (12)


**[20]**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


FIGUUR 6a: John Muafangejo, ***Windhoek People Pray for Peace and Love (Windhoek-mense Bid vir Vrede en Liefde)***, linosnee, 1977.




FIGUUR 6b: J Seidman, ***You Have Struck a Rock (Jy Het 'n Rots Getref)***, skermdrukplakkaat gedruk deur Medu Art Ensemble, 1981.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 7: MULTIMEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORME IN SUID-AFRIKA

Cai Guo-Qiang is 'n kontemporêre Chinees-gebore kunstenaar wat nou in New York woon. ***Head On (Kop Eerste)*** (FIGUUR 7a) is 'n installasie wat uit 99 lewensgroot replikas van wolwe en 'n glasmuur bestaan. Cai Guo-Qiang het die wolwe in sy tuisdorp, Quanzhou, China, laat maak. 'n Plaaslike werkswinkel het opdrag gekry om die lewensgetroue wolwe, wat in werklikheid in geverfde skaapvel geklee is en met hooi opgestop is, te maak.

Die reusekunswerk, ***Vortex (Draaikolk)*** (FIGUUR 7c), is geskep deur verskeie grade buskruit op papier, waarop beelde van wolwe vooraf gestensil is, te laat ontplof (FIGUUR 7b).

Die kunswerk wys die gebrande en rokerige houtskoolgevlekte merke wat na die ontploffing agtergebly het.

7.1 Met verwysing na die inligting hierbo en die visuele bronne (FIGUUR 7a–7c), bespreek die volgende in 'n opstel:

- Hoe sou jy 'n *installasie* definieer?
- Wat, dink jy, sou die effek van FIGUUR 7a op die kyker wees?
- Daar is al opgemerk dat FIGUUR 7a beide tragies en beeldskoon is. Stem jy saam met hierdie stelling? Gee redes vir jou antwoord.
- Volgens Cai Guo-Qiang simboliseer FIGUUR 7a die menslike toestand. In die lig van hierdie stelling, interpreteer die boodskap van hierdie werk. Neem die trop wolwe en die glasmuur in ag.
- Hoe die tekening in FIGUUR 7c die gevolg van beide beplanning en toeval is
- Die oorweldigende gevoel van beweging in beide FIGUUR 7a en FIGUUR 7c
- Jou mening oor Cai Guo-Qiang se innoverende gebruik van materiale en tegnieke (10)

7.2 Multimediakuns steek die grense oor van wat normaalweg as 'kuns' beskou word.

Analiseer krities ten minste TWEE multimediakunswerke wat jy bestudeer het, om te verduidelik hoe hulle die idee van kuns verbreed.

Jou opstel moet die volgende insluit:

- Name van kunstenaars en titels van kunswerke
- Beskrywing en analise van kunswerke
- Boodskappe en/of betekenisse van kunswerke
- Maniere waarop hierdie kunswerke die kyker se idee van kuns verryk en verbreed (10)

**[20]**


| | |
|---|---|
| **Draaikolk:** | Die spirale beweging van water of lug wat alles daar naby na die middel insuig |
| **Kontemporêr:** | Gewoonlik gesien as kuns vanaf die 1970's tot vandag; dit wat aan die voorpunt en nie-tradisioneel is |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com




FIGUUR 7a: Cai Guo-Qiang, ***Head On (Kop Eerste)***,
lewensgroot replikas van 99 wolwe en 'n glasmuur, 2006.



FIGUUR 7b: Cai Guo-Qiang besig met die skep van ***Vortex (Draaikolk)*** met buskruit, 2006.



FIGUUR 7c: Cai Guo-Qiang, ***Vortex (Draaikolk)***, buskruit op papier, 2006.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 8: KUNS EN DIE GEESTELIKE (SPIRITUELE) GEBIED – KWESSIES IN KUNS RAKENDE GELOOFSTELSELS EN DIE GEESTELIKE

Die Chinese kunstenaar Huan Zhang maak die as van wierook bymekaar wat deur pelgrims by Chinese tempels rondom Sjanghai agtergelaat word. Hy sorteer daarna die as volgens kleur en skakering, voordat hy dit in sy beeldhouwerke en skilderye gebruik.

Hy stal sy twee beelde, ***Ash Jesus and Ash Buddha (As-Jesus en As-Boeddha)*** (FIGUUR 8a, 8b en 8c), teenoor mekaar uit.

Hy sê: 'Vir sommige lyk as nutteloos en onwesenlik; dit is 'n kortstondige getuie van menslike geestelikheid en geestelike praktyk … Hierdie as beliggaam die verwagtings van mans en vroue, menslike piëteit, geestelikheid en begeerte, wat dan in beeldhouwerke geïntegreer word.'

8.1 Skryf 'n opstel oor FIGUUR 8a, 8b en 8c en bespreek die volgende:

- Die moontlike interpretasies van die gebruik van as in die beeldhouwerke van Huan Zhang (FIGUUR 8a–8c)
- Die spasiëring/plasing van die twee figure in verhouding met mekaar
- Die liggaamshoudings van die twee figure en die stemming wat hulle oordra
- Jesus en Boeddha is twee van die mees herkenbare godsdienstige visuele beelde in die Weste en Ooste onderskeidelik. Watter idees/betekenisse, dink jy, wil Zhang oordra deur die twee figure teenoor mekaar te plaas? (6)

8.2 Bespreek die werk van enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het, waarin hierdie kunstenaars geestelikheid en/of godsdienstige kwessies gevisualiseer het.

Jou opstel moet die volgende insluit:

- Name van kunstenaars
- Titels van kunswerke
- Gebruik van formele kunselemente
- Styl en tegniek
- Kommunikasie van godsdienstige en/of geestelike kommer deur die moontlike betekenisse en interpretasies van hierdie werke te bespreek (14)

**[20]**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com




FIGUUR 8a: Huan Zhang, ***Ash Jesus and Ash Buddha (As-Jesus en As-Boeddha)***, as, staal en hout, 2011.



FIGUUR 8b: Huan Zhang, ***Ash Jesus and Ash Buddha (As-Jesus en As-Boeddha) (detail)***, as, staal en hout, 2011.



FIGUUR 8c: Huan Zhang, ***Ash Jesus and Ash Buddha, (As-Jesus en As-Boeddha) (detail)***, as, staal en hout, 2011.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 9: GESLAGSKWESSIES**

Tradisioneel, in Westerse kuns, was die lêende figuur gewoonlik vroulik, geskep vir manlike waardering. Vandag gebruik kunstenaars die lêende figuur om verskillende stellings oor geslag te maak.

9.1 Bespreek die stelling hierbo deur na TWEE van die visuele bronne in FIGUUR 9a, 9b en 9c te verwys.

Oorweeg die volgende in jou antwoord:

- Gebruik van titel
- Komposisie
- Simboliek
- Styl (8)

9.2 Skryf 'n opstel waarin jy die kunswerke van enige TWEE kunstenaars bespreek wat geslagskwessies as 'n tema gebruik het. (12)

**[20]**

eduresourceza.com

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com




FIGUUR 9a: Diego Velázquez, ***Venus at Her Mirror (Venus by Haar Spieël) (Rokeby Venus***), olieverf op doek, 1651.



FIGUUR 9b: Marlene Dumas, ***Snow White With Broken Arm (Sneeuwitjie Met Gebreekte Arm)***, olieverf op doek, 1986.



FIGUUR 9c: Kehinde Wiley, ***Sleep (Slaap)***, olieverf op doek, 2008.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 10: KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE (NASIONALE) EN INTERNASIONALE ARGITEKTUUR**

| |
|---|
| Vir die eerste keer is daar in die Verenigde Koninkryk volle toestemming gegee dat 'n 'amfibiese' huis op die oewer van die Teemsrivier in Buckinghamshire gebou kan word. Die huis, ontwerp deur Baca Architects, is 'n argitektoniese prestasie wat die gevaar van vloede oorkom deur 'n drywende pont in 'n vloedsituasie te word. |

10.1 Gebruik die visuele beelde in FIGUUR 10a en 10b en bespreek die volgende:

- Voordele van hierdie tipe argitektoniese ontwerp
- Argitektoniese invloede en kenmerke
- Volhoubaarheid (6)

10.2 Skryf 'n opstel waarin jy enige TWEE voorbeelde van kontemporêre argitektuur wat jy bestudeer het wat van innoverende idees gebruik maak, bespreek.

Sluit die volgende in jou opstel in:

- Name van geboue en argitekte
- Funksie en ligging
- Styl en gebruik van materiale en boutegnieke
- Sosio-ekonomiese en omgewingskwessies
- Geldige redes waarom jy hierdie geboue inspirerend vind (14)

**[20]**


| | |
|---|---|
| **Volhoubaar:** | Gebruik natuurlike hulpbronne sonder om die ekologiese balans van 'n gebied te vernietig, algemeen bekend as 'groen argitektuur' |
| **Amfibies:** | Vind plaas of funksioneer beide op land en in water |
| **Pont:** | 'n Drywende struktuur |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



FIGUUR 10a: ***Woning*** in die Verenigde Koninkryk, Baca Architects, 2010.



FIGUUR 10b: Plan van nog 'n ***Woning*** (getoon in vloedtoestande), Baca Architects, 2011.

**TOTAAL: 100**


Downloaded from eduresourceza.com